# MOTORINDUSTRIE RISIKO'S AFDELING

Hierdie bewoording moet saamgelees word met die Motor Algemene bewoording. Die omskrywings, verpligte voorwaardes, spesifieke uitsluitings en klousules van die Motor Algemene bewoording is ook van toepassing op hierdie afdeling, tensy spesifiek anders aangedui.

# OMSKRYWINGS

## Klante se Voertuie

Dit beteken enige Voertuig in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde wat nie die eiendom van die Versekerde is nie.

## Handelsvoorraad

Dit beteken enige Voertuig die eiendom van die Versekerde wat te koop is.

## Demonstrasie

Dit beteken die daad van vertoning en verduideliking van die aspekte van 'n Voertuig wat verseker is onder hierdie afdeling, deur die Versekerde, direkteur of permanente werknemer van die Versekerde aan 'n voornemende koper van 'n Voertuig.

## Versekerde Voertuig

Dit beteken enige Voertuig die eiendom van of in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde (uitgesonder enige Voertuig die eiendom van die Versekerde en verhuur of verkoop kragtens 'n huurkoop- of opskortende verkoopsvoorwaarde of ander uitgestelde eiendomsooreenkoms tensy sodanige Voertuig in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is ten tyde van die plaasvind van die Voorval ten gevolge waarvan enige eis ontstaan) en enige Voertuig (meganies aangedrewe of andersins) gekoppel aan enige voormelde Voertuig met die doel dat dit gesleep of geberg moet word.

## Nuwe Handelsvoorraad

Dit beteken Handelsvoorraad wat te koop is vir die eerste keer sedert dit vervaardig is.

## Eie Voertuig

Dit beteken enige Voertuig die eiendom van die Versekerde wat nie te koop is nie.

## Aankoopprys

Dit is die prys waarteen die Voertuig aangekoop is plus enige bykomende uitgawes om dit te herstel of om die waarde daarvan te verhoog.

## Kleinhandelwaarde

1. Vir Voertuie gelys in die TransUnion handelsgidse:

   Dit beteken die gepubliseerde kleinhandelwaarde aangepas volgens die aanbevelings van die gids vir afstandmeterlesing, algemene toestand, fabrieksgemonteerde en nie-fabrieksgemonteerde toebehore ten tye van die verlies of skade.

2. Vir Voertuie, Voertuigtipes en toebehore wat nie gelys is in die TransUnion handelsgidse nie:

   Dit beteken die gemiddelde kleinhandelwaarde gebaseer op 'n minimum van 3 kwotasies wat verkry is van die kleinhandelmark vir 'n soortgelyke Voertuig van dieselfde fabrikaat en model in 'n soortgelyke toestand ten tye van die verlies of skade.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Subkontrakteur

Dit beteken enige persoon of besigheid wat nie in diens van die Versekerde is nie, maar werk doen vir of namens die Versekerde.

## Toetsbestuur

Dit beteken die bestuur van 'n Voertuig met die doel om die werkverrigting of kwaliteit daarvan te beoordeel wanneer iemand oorweeg om so ‘n Voertuig aan te skaf.

## Inruilwaarde

1. Vir Voertuie gelys in die TransUnion handelsgidse:

   Dit beteken die gepubliseerde Inruilwaarde aangepas volgens die aanbevelings van die gids vir afstandmeterlesing, algemene toestand, fabrieksgemonteerde en nie-fabrieksgemonteerde toebehore ten tye van die verlies of skade.

2. Vir Voertuie, Voertuigtipes en toebehore wat nie gelys is in die TransUnion handelsgidse nie:

   Dit beteken die gemiddelde Inruilwaarde gebaseer op ‘n minimum van 3 kwotasies wat verkry is van die kleinhandelmark vir ‘n soortgelyke Voertuig van dieselfde fabrikaat en model in ‘n soortgelyke toestand ten tye van die verlies of skade.

## Gebruikte Handelsvoorraad

Dit beteken Handelsvoorraad met een of meer vorige eienaars.

## Afskrywing

Dit beteken dat ‘n Voertuig sodanig beskadig is dat, in die opinie van die Maatskappy, dit nie ekonomies herstelbaar is nie.

# DEKKING INLIGTING

Dekking inligting geld per item soos in die bylae uiteengesit.

## Besigheid

Die besigheid van die Versekerde is omskryf in die bylae.

## Perseel

Vir die doel van hierdie afdeling is die woord perseel die perseel waarvan die ligging in die bylae vermeld word, asook

(i) enige sypaadjie aangrensend tot die Versekerde se perseel waarvan die ligging in die bylae vermeld word;

(ii) enige perseel waar die Versekerde werk verrig mits sodanige perseel nie onder die beheer van die Versekerde is nie.

## Op Versekerde se perseel

Die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge hierdie afdeling nie ten opsigte van enige ongeluk, besering, verlies, skade, aanspreeklikheid, koste en/of uitgawes veroorsaak, opgedoen of aangegaan op die Versekerde se perseel , tensy die dekking as "ingesluit " in die bylae vermeld word.

## Nie op Versekerde se perseel nie

Die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge hierdie afdeling nie ten opsigte van enige ongeluk, besering, verlies,

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

skade, aanspreeklikheid, koste en/of uitgawes veroorsaak, opgedoen of aangegaan weg van die Versekerde se perseel, tensy die dekking as "ingesluit" in die bylae vermeld word.

## Tipe dekking

Waar die bylae die tipe dekking as "derdeparty dekking" weergee, is die aanspreeklikheid van die Maatskappy onder onderafdelings 1 en 3 gekanselleer.

## Tipe Voertuie verseker

1. Waar die bylae die tipe Voertuie verseker as "alle voertuie" weergee, beteken dit dat die omskrywing van "Voertuig" in die Motor Algemene afdeling vervang word met "enige selfaangedrewe vervoermiddel en die toebehore en onderdele permanent daaraan geheg, wat op land gebruik word en nie op spore loop nie en enige sleepwa".

2. Waar die bylae die tipe Voertuie verseker as "motorfietse" weergee, beteken dit dat die omskrywing van "Voertuig" in die Motor Algemene afdeling vervang word met "enige Voertuig wat op land gebruik word met twee of meer wiele met toebehore en onderdele permanent daaraan geheg wat ontwerp is om bestuur te word met die tipe kontroles waarmee motorfietse gewoonlik toegerus word".

3. Waar die bylae die tipe Voertuie verseker as "spesiale tipes" weergee, beteken dit dat die omskrywing van "Voertuig" in die Motor Algemene afdeling vervang word met "enige Voertuig wat op land gebruik word wat vervaardig of aangepas is vir spesifieke kommersiële doeleindes soos grawe, brandbestryding, optel, oplaai, grondverskuiwing en dies meer en wat beheer word deur bekwame en opgeleide operateurs en die toebehore en onderdele permanent daaraan geheg".

## Eie Voertuie

Waar die bylae Eie Voertuie as "uitgesluit" aantoon, beteken dit dat Eie Voertuie nie deur hierdie afdeling gedek is nie.

## Klante se Voertuie

Waar die bylae Klante se Voertuie as "uitgesluit" aantoon, beteken dit dat Klante se Voertuie nie deur hierdie afdeling gedek is nie.

## Handelsvoorraad

Waar die bylae Handelsvoorraad as "uitgesluit" aantoon, beteken dit dat Nuwe Handelsvoorraad en Gebruikte Handelsvoorraad nie deur hierdie afdeling gedek is nie.

# ONDERAFDELING 1 – SKADE AAN DIE VERSEKERDE VOERTUIG

# OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan enige Versekerde Voertuig soos omskryf in die bylae.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir verlies van of skade aan enige Versekerde Voertuig terwyl op enige perseel wat besit, gebruik of geokkupeer word deur die Versekerde waar sodanige verlies of skade veroorsaak is weens brand, weerlig en donderslag, aardbewing, ontploffing, storm, wind, water, hael of sneeu;

(b) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir verlies van of skade aan enige Versekerde Voertuig terwyl op enige perseel wat besit, gebruik of geokkupeer word deur die Versekerde waar sodanige verlies of skade veroorsaak is weens diefstal, kaping, gewapende roof of enige poging daartoe;

(c) waar die Versekerde Voertuig Gebruikte Handelsvoorraad is, is die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die minste van:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(i) die bedrag in die bylae vermeld onder die opskrif “maksimum versekerde bedrag enige een Voertuig”, of

(ii) die Aankoopprys van die Voertuig, of

(iii) die Inruilwaarde van die Voertuig

vir enige enkele Voorval;

(d) waar die Versekerde Voertuig Nuwe Handelsvoorraad is, die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die minste van:

(i) die bedrag in die bylae vermeld onder die opskrif “maksimum versekerde bedrag enige een Voertuig”, of

(ii) die Aankoopprys van die Voertuig

vir enige enkele Voorval;

(e) waar die Versekerde Voertuig ‘n Klant se Voertuig of Eie Voertuig is, is die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die minste van:

(i) die bedrag in die bylae vermeld onder die opskrif “maksimum versekerde bedrag enige een Voertuig”, of

(ii) die Kleinhandelwaarde van die Voertuig

vir enige enkele Voorval;

(f) ingeval enige onderdeel van enige Voertuig onverkrygbaar is as ‘n standaard (pasklaar vervaardigde) artikel in die Republiek van Suid-Afrika, die Maatskappy se aanspreeklikheid geag nagekom te wees deur ‘n bedrag te betaal gelykstaande aan die waarde van sodanige onderdeel (met inbegrip van die redelike koste van vervoer) ten tye van die ongeluk, maar in iedere geval tot hoogstens sodanige onderdeel se prys soos aangegee in die vervaardiger se jongste uitgereikte katalogus of pryslys;

(g) die Maatskappy na eie keuse sodanige Voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan mag herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade in kontant mag betaal, onderhewig aan die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid soos uiteengesit in voorbehoudsbepalings (c), (d) en (e);

(h) indien die Voertuig na die wete van die Maatskappy die onderwerp van ’n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling deur die Maatskappy gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die Maatskappy se verpligting teenoor die Versekerde ten opsigte van sodanige verlies of skade. Hierdie bepaling is slegs van toepassing op Voertuie die eiendom van die Versekerde;

(i) ingeval van skade wat beperk is tot slegs die windskerm, kant- of agterglas wat deel uitmaak van enige Voertuig, die Versekerde aanspreeklik is vir die eerste bedrag betaalbaar van toepassing op motorglas in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval.

# UITSLUITINGS OP ONDERAFDELING 1

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie om te betaal vir:

1. gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd;
2. waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná ’n Omskrewe Gebeurtenis of andersins;
3. slytasie;
4. geleidelike agteruitgang;
5. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;
6. skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur padlekkasies, snye of barste;
7. skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;
8. terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beamptes of owerhede, met dien verstande dat hierdie uitsluiting nie sal geld nie ten opsigte van skade wat plaasvind gedurende sodanige terughouding, konfiskering of rekwisisie wat ontdek word wanneer die Voertuig aan die Versekerde terugbesorg word;
9. skade aan Voertuie veroorsaak deurdat dit enige proses van verwarming of droging ondergaan;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

10. skade aan Voertuie veroorsaak deur enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.

# UITBREIDINGS OP ONDERAFDELING 1

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

## Brandbluskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal, bykomend tot die versekerde bedrag van die Voertuig, enige koste betaal tot en met die versekerde bedrag in die bylae vermeld, wat verband hou met die blus of bestryding van brand (insluitend die vervanging of hervulling van die Versekerde se brandblussers nadat dit gebruik is in verband met die Versekerde Voertuig).

Met dien verstande dat:

(a) die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste;

(b) die Versekerde Voertuig gebrand het of ‘n brandgevaar was.

## Brand en gevare – op Versekerde se perseel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Voorbehoudsbepaling (a) van die Omskrewe Gebeurtenisse van onderafdeling 1 word hiermee gekanselleer.

Met dien verstande dat:

(a) die aanspreeklikheid van die Maatskappy beperk is tot die kleinste van die versekerde bedrag (geakkumuleerde waarde vir alle persele vir hierdie item) in die bylae vermeld, en die totaal van die bedrae onder (i) tot (iii) hieronder:

    (i) vir Gebruikte Handelsvoorraad, die minste van die Aankooppryse of Inruilwaardes;

    (ii) vir Nuwe Handelsvoorraad, die Aankooppryse;

    (iii) vir Eie Voertuie en Klante se Voertuie, die Kleinhandelwaardes;

(b) vir die doel van hierdie uitbreiding, ‘n Voorval gedefinieer word as 'n Voorval of reeks Voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word;

(c) die versekerde bedrag geld per Voorval;

(d) Voertuie buite geboue nie deur hierdie uitbreiding gedek is nie, tensy die bylae Voertuie in die ope as “Ingesluit” vermeld;

(e) Voertuie in geboue met grasdakkonstruksie altyd uitgesluit is;

(f) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval

(g) indien, ten tye van die plaasvind van die Omskrewe Gebeurtenis, die versekerde bedrag minder is as die totale waarde van alle Versekerde Voertuie op die perseel soos bereken in voorbehoudsbepaling (a)(i), (ii) en (iii) hierbo, die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Die waarde van die eis sal soos volg bereken word: versekerde bedrag / totale waarde op risiko x verlies.

## Sleutels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige Versekerde Voertuig ná die verdwyning van of skade aan enige sleutel of

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

alarmbeheerder van sodanige Voertuig of, nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van ‘n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die Voertuig aangerig is wat aanleiding gee tot ‘n eis onder die polis nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word vir enige enkele Voorval;

(c) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die verlies van sleutels vanaf 'n perseel wat besit of geokkupeer word deur die Versekerde, tensy die sleutels verlore raak tydens 'n gewapende roof .

## Gebruiksverlies van Klante se Voertuie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Maatskappy aanspreeklik is om die Versekerde ingevolge onderafdeling 1 van hierdie afdeling skadeloos te stel teen verlies of skade aan enige Versekerde Voertuig wat aan ‘n klant behoort terwyl sodanige Voertuig in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is, sal die Maatskappy, nieteenstaande enigiets andersluidend vervat in uitsluiting 1 van onderafdeling 1 van hierdie afdeling, die Versekerde ook skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal ten opsigte van die gebruiksverlies van sodanige Voertuig.

Met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval.

## Gebruiksverlies van Eie Voertuie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande uitsluiting 1 van onderafdeling 1, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die verlies van gebruik van die Versekerde se Eie Voertuie as gevolg van verlies van of skade.

Met dien verstande dat:

(a) die verlies van of skade aan die Voertuig gedek is in terme van hierdie polis;

(b) waar die Voertuig

1. gesteel of gekaap is en nie teruggevind is nie, of
2. teruggevind is sonder enige skade, of
3. ‘n Afskrywing is,

die dekking alleenlik ‘n aanvang sal neem sodra ‘n eis by die Maatskappy geregistreer is;

(c) waar die Voertuig

1. beskadig is, of
2. gesteel of gekaap is en in ‘n beskadigde toestand teruggevind is,

die dekking alleenlik ‘n aanvang sal neem sodra die gemagtigde hersteller die Voertuig in sy bewaring neem met die doel om dit te herstel;

(d) die skadeloosstellingstydperk sal verval op die datum van die afhandeling van herstelwerk deur die goedgekeurde hersteller of op die dag waarop die Ooreenkoms van Verlies deur die Maatskappy aan die Versekerde gestuur word;

(e) verlies of skade wat binne die betrokke eerste bedrag betaalbaar val, nie gedek is in terme van hierdie uitbreiding nie;

(f) die Maatskappy nie die Versekerde skadeloos sal stel nie vir enige tydperk wat meer is as die aantal dae in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval, ongeag voorbehoudsbepaling (d) hierbo;

(g) die Maatskappy se aanspreeklikheid per dag nie die versekerde bedrag (per dag) sal oorskry nie wat in die bylae vermeld word;

(h) hierdie uitbreiding nie van toepassing is op Handelsvoorraad nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan kontveranderinge

## **Motorglas** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

1. Waar die bylae hierdie uitbreiding as nie ingesluit nie vermeld, sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees nie vir skade aan enige windskerm, kant- of agterruit wat deel uitmaak van enige Voertuig.

2. Waar die bylae hierdie uitbreiding as ingesluit vermeld, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die eerste bedrag betaalbaar van toepassing op motorglas soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Vooral. Met dien verstande dat die skade beperk is tot die windskerm, kant- of agterruit van die Voertuig.

## **Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie dek nie:

(a) verlies of skade wat in die RSA en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met sodanige Voorval.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a) (b) (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie die verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid per Voorval is beperk tot die kleinste van die versekerde bedrag in die bylae vermeld en:

(i) vir Gebruikte Handelsvoorraad, die Aankoopprys of Inruilwaarde;

(ii) vir Nuwe Handelsvoorraad, die Aankoopprys;

(iii) vir Eie Voertuie en Klante se Voertuie, die Kleinhandelwaarde.

Die Versekerde sal aanspreeklik wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld onder onderafdeling 1.

## **Diefstal – op Versekerde se perseel** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Voorbehoudsbepaling (b) van die Omskrewe Gebeurtenisse word hiermee gekanselleer.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die minste van die versekerde bedrag in die bylae vermeld en die totaal van die bedrae onder (i) tot (iii) hieronder:

    (i) vir Gebruikte Handelsvoorraad, die minste van die Aankooppryse en die Inruilwaardes;

    (ii) vir Nuwe Handelsvoorraad, die Aankooppryse;

    (iii) Vir Eie Voertuie en Klante se Voertuie, die Kleinhandelwaarde;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(b) vir die doel van hierdie uitbreiding, ‘n Voorval gedefinieer word as 'n Voorval of reeks Voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word;

(c) Voertuie wat nie binne geboue is nie, nie gedek is deur hierdie uitbreiding nie tensy die bylae Voertuie in die ope as "ingesluit” vermeld;

(d) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval;

(e) verlies of skade aan toebehore of onderdele deur diefstal uitgesluit is, tensy die Voertuig terselfdertyd gesteel word.

## **Insleepkoste binne die grense van RSA** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar ‘n Omskrewe Gebeurtenis binne die grense van die RSA plaasvind, sal die Maatskappy die redelike koste betaal om die Versekerde Voertuig te verwyder na die naaste Santam-goedgekeurde hersteller binne die RSA asook die redelike koste vir die beskerming, stoor en aflewering van die Versekerde Voertuig na die permanente adres van die Versekerde binne die gebiedsgrense in die bylae vermeld na die plaasvind van ‘n Omskrewe Gebeurtenis.

## **Insleepkoste buite die grense van RSA** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar ‘n Omskrewe Gebeurtenis buite die grense van die RSA plaasvind, sal die Maatskappy die koste betaal om die Versekerde Voertuig te verwyder na die naaste grens van die RSA of plek van veiligheid.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) indien die Versekerde Voertuig nie na die RSA gerepatrieer kan word nie op grond daarvan dat dit ‘n Afskrywing is, sal die Maatskappy 15% aftrek van die skikking verskuldig aan die Versekerde;

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie om te betaal vir regering-opgelêgde aksyns, heffings of stempels met betrekking tot die repatriasie van die Voertuig.

Die Maatskappy sal ook die redelike koste betaal vir

1. die verskuiwing van die Voertuig vanaf die RSA grens na die naaste Santam-goedgekeurde hersteller binne die RSA;
2. die beskerming, stoor en aflewering van die Versekerde Voertuig na die permanente adres van die Versekerde binne die gebiedsgrense in die bylae vermeld

na die plaasvind van ‘n Omskrewe Gebeurtenis.

## **Wrakverwydering** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal, bykomend tot die Voertuig se versekerde bedrag, die Versekerde skadeloos stel vir enige koste ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van die Versekerde Voertuig na die plaasvind van ‘n Omskrewe Gebeurtenis, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval.

# ONDERAFDELING 2 – AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE

# OMSKREWE GEBEURTENISSE

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van enige ongeluk veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige Voertuig in die bylae beskryf of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige Voertuig ten opsigte waarvan die Versekerde en/of enige passassiers regtens aanspreeklik word om te betaal vir alle bedrae, insluitende die die eiser se koste en uitgawes, ten opsigte van:

(a) dood of liggaamlike besering van enige persoon;

(b) skade aan eiendom.

Die Maatskappy sal ook:

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na sy eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige Voorval veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees;

2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige Voertuig op bevel van die Versekerde of met die Versekerde se toestemming bestuur of gebruik.

   Met dien verstande dat:

   (a) sodanige persoon, asof hy die Versekerde is, die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

   (b) sodanige persoon wat sodanige Voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie;

   (c) sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie, behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie.

3. die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander Voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte Voertuig of sleepwa) deur ’n Voertuig (behalwe teen vergoeding), met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir skade aan die gesleepte Voertuig of sleepwa of vir eiendom daarin of daarop.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid onder onderafdeling 2 is beperk tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige een Voorval.

# UITSLUITINGS OP ONDERAFDELING 2

Die uitsluitings - aanspreeklikheid teenoor derdepartye in die Motor Algemene afdeling is van toepassing bykomend tot die uitsluitings hier gestel.

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir:

1. dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in die Versekerde Voertuig vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.

# UITBREIDINGS OP ONDERAFDELING 2

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

Vir interne materiaal gebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

### Passassiersaanspreeklikheid vir die motorindustrie risiko's (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsluiting 1 van onderafdleing 2 word hiermee gekanselleer.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) die Maatskappy slegs aanspreeklik sal wees vir die dood of besering van persone vervoer in of op, of inklim in, uitklim uit of vanaf 'n permanent geslote passasierskajuit van die Versekerde Voertuig;

(c) die Maatskappy nie aanspreeklik is onder hierdie uitbreiding nie indien die gebiedsbeperking in die bylae ingevolge hierdie uitbreiding aandui "Binne RSA" en die Omskrewe Gebeurtenis plaasvind buite die grense van die RSA.

### Ongemagtigde passasiersaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die skadeloosstelling onder onderafdeling 2 word, nieteenstaande uitsluiting 1, uitgebrei om die Versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone wat vervoer word in of op, of inklim in, uitklim uit of vanaf, enige versekerde Voertuig strydig met die Versekerde se opdrag aan hulle bestuurders om nie passasiers te vervoer nie.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige een Voorval nie die versekerde bedrag sal oorskry wat in die bylae vermeld word nie.

# ONDERAFDELING 3 – INSITTENDES VAN DIE VERSEKERDE VOERTUIG

Dekking onder hierdie onderafdeling is slegs van toepassing indien sodanig in die bylae vermeld.

### Bestuurder repatriasie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien 'n eis ingevolge onderafdeling 1 ingedien word en die Versekerde Voertuig is onbruikbaar as gevolg van die verlies of skade, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir:

1. die redelike uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir oornag akkommodasie vir die bestuurder vir 'n maksimum van twee nagte;

2. vervoer van die bestuurder van die Voertuig ten tyde van die verlies of skade, van die plek waar die Voertuig onbruikbaar geraak het na die bestuurder se normale woonplek in die RSA, of beplande bestemming, of vertrekpunt op hierdie reis.

Met dien verstande dat:

(a) die bestuurder se bestemming, woonplek en vertrekpunt op hierdie reis almal meer as 100 kilometer weg is van die plek waar die Voertuig onbruikbaar geraak het;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry vir enige enkele Voorval nie.

### Mediese uitgawes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien enige insittende van die Versekerde Voertuig regstreeks in verband met sodanige Voertuig, 'n liggaamlike besering opdoen op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse, sal die Maatskappy die mediese uitgawes aangegaan as gevolg van sodanige besering aan die Versekerde betaal, insluitende enige koste aangegaan om sodanige beseerde insittende te bevry van sodanige Voertuig of om sodanige beseerde insittende te vervoer na 'n plek waar mediese behandeling gegee kan word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid per insittende nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry nie;

(b) die Maatskappy se aanspreeklikheid per Voorval nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld sal oorskry nie;

(c) die dekking beperk is tot die insittendes van 'n privaattipe motorvoertuig of die permanent geslote passasierskajuit van enige ander Voertuig;

(d) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie dekking verminder word met enige bedrag wat ingevolge enige werkersongevalle- of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

### **Trauma** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy sal betaal vir uitgawes aangegaan, wat nie andersins gedek is nie, deur enige lid, direkteur of werknemer van die Versekerde vir behandeling ondergaan by 'n geregistreerde professionele berader nadat sodanige persoon sielkundig getraumatiseer is as 'n direkte gevolg van geweld of dreigement van geweld tydens diefstal, poging tot diefstal of kaping van enige Versekerde Voertuig, met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval sal oorskry nie.

# UITBREIDINGS VAN TOEPASSING OP ALLE ONDERAFDELINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie onderafdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word).

### **Toevallige Bestuurders** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande die verpligte voorwaarde "gebruik van die Versekerde Voertuig", sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel wanneer die Versekerde Voertuig gebruik word vir die besigheidsdoeleindes van die Versekerde deur enige persoon nie permanent in diens van die Versekerde of nie 'n Sub-Kontrakteur van die Versekerde nie. Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie indien enige sodanige persoon die Voertuig gebruik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes.

### **Demonstrasierisiko** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande die verpligte voorwaarde "gebruik van die Versekerde Voertuig", sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos wanneer die Versekerde Voertuig gebruik word vir die doel van Demonstrasie wat insluit bestuur deur die persoon aan wie die Versekerde Voertuig gedemonstreer word, met dien verstande dat sodanige persoon vergesel word deur 'n ten volle gelisensieerde bestuurder wat óf die Versekerde, óf 'n lid, direkteur of werknemer van die Versekerde moet wees.

### **Gebruik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes deur die Versekerde en werknemers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande die verpligte voorwaarde "gebruik van die Versekerde Voertuig", sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos wanneer die Versekerde Voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes deur die Versekerde of 'n lid, direkteur of werknemer van die Versekerde, mits die naam, van en geboortedatum van sodanige persoon in die bylae verskyn.

### **Subkontrakteurs** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande die verpligte voorwaarde "gebruik van die Versekerde Voertuig", sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel wanneer die Versekerde Voertuig gebruik word vir die besigheidsdoeleindes van die

Vir interne naslaangebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Versekerde deur enige Sub-Kontrakteur van die Versekerde.

Met dien verstande dat:

(a) vir die doeleindes van hierdie uitbreiding alleenlik, word enige Voertuig wat die Versekerde aan sy Sub-Kontrakteur oorhandig, geag in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde te wees vir solank dit in die bewaring van of onder die beheer van sodanige Sub-Kontrakteur is;

(b) die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie indien sodanige persoon die Voertuig vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes gebruik.

### **Gebiede – uitgebreide dekking** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die standaard gebiedsgrense vermeld in die bylae van die Motor Algemene afdeling word hiermee uitgebrei om die lande in te sluit wat as ingesluit onder hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### **Toetsbestuur-risiko** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande verpligte voorwaarde "gebruik van die Versekerde Voertuig", sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel wanneer die Versekerde Voertuig gebruik word vir Toetsbestuurdoeleindes.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie:

(a) indien die persoon wat die Voertuig toetsbestuur, nie die Voertuig aan die Versekerde terugbesorg nie;

(b) indien die Voertuig nie binne 72 uur aan die Versekerde terugbesorg word vandat dit vir die Toetsbestuur geneem is nie.

### **Ongemagtigdge gebruik deur werknemers** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 1 word hiermee gekanselleer.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die spesifieke uitsluitings van die Motor Algemeen afdeling asook die spesifieke uitsluitings hieronder is van toepassing:

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik nie:

1. indien die Versekerde Voertuig gebruik word vir enige ongemagtigde doel deur 'n werknemer van die Versekerde of deur enige ander persoon met wie sodanige werknemer saamspan of saamgespan het;
2. vir skade aan enige Versekerde Voertuig of enige ander eiendom opgedoen terwyl daaraan gewerk is en wat direk voortspruit uit sodanige werk;
3. vir enige gebrekkige vakmanskap of enige gevolg daarvan.

# VERPLIGTE VOORWAARDES

Die verpligte voorwaardes in die Motor Algemeen afdeling sowel die wat hieronder aangegee word, is altyd van toepassing.

## Jaarlikse verklarings

Die Versekerde sal voor die hernuwingsdatum ‘n lys aan die Maatskappy voorsien van die aantal en totale waarde van alle Handelsvoorraad asook die hoeveelheid tegnici wat in die Versekerde se diens is. Hierdie inligting sal deur die Maatskappy in sy hernuwingsberekeninge gebruik word.

## Werknemerregister

Dit is 'n opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling dat die Versekerde die naam, woonadres, telefoonnommer en ‘n leesbare afskrif van die bestuurderslisensie van

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

alle werknemers in ‘n behoorlike register sal aanteken asook die datum van aanstelling en ontslag van elke werknemer.

## Redelike voorsorg

Bykomend tot die nakoming van Algemene Voorwaarde 5 van hierdie polis

1. onderneem die Versekerde om alle redelike stappe te neem om enige Versekerde Voertuig in ‘n werkende en padwaardige toestand te hou;
2. sal alle redelike stappe geneem word om, in geval van enige ongeluk of onklaarraking, verdere skade of verlies te voorkom en indien die Versekerde Voertuig wat betrokke is, bestuur of gebruik word voordat die nodige herstelwerk gedoen kan word, sal enige uitbreiding van die skade of enige verdere skade aan sodanige Versekerde Voertuig uitsluitlik op die Versekerde se eie risiko wees.

## Gebruik van die Versekerde Voertuig

Wanneer die Versekerde Voertuig nie op die Versekerde se perseel of enige ander perseel waar daar werk op die Versekerde Voertuig uitgevoer word, is nie, sal die Maatskappy slegs aanspreeklik wees ingevolge hierdie afdeling indien die Versekerde Voertuig gebruik word:

(a) vir die sake-doeleindes van die Versekerde soos in die bylae vermeld, deur die Versekerde of enige lid, direkteur of werknemer van die Versekerde;

(b) vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes deur iemand anders as die Versekerde of enige lid, direkteur of werknemer van die Versekerde, ongeag of sodanige gebruik verband hou met die besigheid van die Versekerde of nie.

# VOORWAARDES

Voorwaardes is slegs van toepassing indien in die bylae as “van toepassing” vermeld.

## Beperking op klank- en/of visuele toerusting (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos ten opsigte van verlies of skade aan enige klank-, oudiovisuele, telefoon- en navigasietoerusting waarmee die Versekerde Voertuig permanent toegerus is deur iemand anders as die voertuigvervaardiger.

Met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir enige enkele Voorval;

(b) die Versekerde aanspreeklik sal wees vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae vermeld vir iedere en elke Voorval.

Die Maatskappy sal ook die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van enige sodanige toerusting wat uit die Voertuig verwyder is.

Met dien verstande dat:

(a) die toerusting ontwerp is om verwyder of gedeeltelik verwyder te word;

(b) die toerusting nie kan funksioneer sonder die Voertuig nie.

## Diefalarm op die Versekerde se perseel (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik wees vir verlies of skade aan enige Versekerde Voertuig as gevolg van diefstal of poging tot diefstal vanaf die Versekerde se perseel indien sodanige perseel toegerus is met 'n diefalarm gekoppel aan 'n sekuriteitsmaatskappy wat 'n gewapende reaksiediens verskaf.

Met dien verstande dat:

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

(a) die diefalarm geaktiveer is buite die normale besigheidsure van die Versekerde;

(b) die diefalarm in ‘n werkende toestand is ten tye van die verlies.

### Haelnette (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir haelskade aan Voertuie in die ope op enige preseel wat deur die Versekerde geokkupeer word, tensy sodanige Voertuie beskerm word deur haelnette.

### Sleutels na besigheidsure (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir die diefstal van Voertuie na normale besigheidsure vanaf enige perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word, tensy die sleutels uit die Voertuig verwyder is ten tye van die diefstal en toegesluit is in 'n kluis binne-in 'n gebou.

### Sleutels gedurende besigheidsure (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir die diefstal van Voertuie gedurende normale besigheidsure vanaf enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word.

Met dien verstande dat hierdie voorwaarde nie geld nie:

(a) indien die sleutels weggesluit was ten tye van die diefstal indien dit nie op die persoon van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde gedra is nie;

(b) ingeval van ‘n gewapende roof.

### Sekuriteitswag op die Versekerde se perseel (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal slegs aanspreeklik vir verlies of skade aan enige Versekerde Voertuig as gevolg van diefstal of poging tot diefstal vanaf enige perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word indien die Versekerde genoegsame sekuriteitswagte van 'n geregistreerde sekuriteitsfirma te alle tye op die perseel het.

### Voertuigopspoorstelsel- en terugverkrygingsvereiste (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir diefstal, kaping of enige poging daartoe van enige Versekerde Voertuig die eiendom van die Versekerde, tensy

(i) die Voetuig toegerus is met ‘n Santam-goedgekeurde opspoorstelsel, en

(ii) ‘n wettige kontrak bestaan tussen die Versekerde en die verskaffer van die voertuigopspoorstelsel, en

(iii) die ledegeld op datum betaal is, en

(iv) die verskaffer van die voertuigopspoorstelsel ook ‘n terugverkrygingsdiens verskaf

ten tye van sodanige diefstal, kaping of enige poging daartoe.

# OPSIONELE UITSLUITINGS EN BEPERKINGS

Hierdie is uitsluitings of beperkings in die dekking wat die afdeling bied en geld slegs indien as sodanig in die bylae vermeld word.

### Uitsluiting van bedrog (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verlies van of skade aan enige Voertuig wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge